



GESKIEDENIS

Die reise van Dias en Da Gama

Graad 6

Week 9: 19 Junie

Nadat Dias om die Kaap van Goeie Hoop geseil het, het **Vasco da Gama** 'n ekspedisie gelei om 'n seeroete van Europa na Indië via die Kaap van Goeie Hoop te probeer vind. Destyds het baie mense gedink dat Da Gama se reis onmoontlik sou wees, want hulle het geglo daar was nie 'n verbinding tussen die Indiese en ander see nie.



Vasco de Gama se ekspedisie:

- Vier skepe het Portugal op 8 Julie 1497 verlaat en op 22 November om die Kaap gevaar.
- Die skepe het by die Ooskus van Afrika geseil en toe binne 23 dae die Indiese Oseaan oorgesteek.
- Hulle het Indië op 20 Mei 1498 bereik en die skepe vol speserye en systof gelaai. Hulle het Indië daarna verlaat en die terugreis aangepak.
- Hierdie keer het dit drie maande geneem om die Indiese Oseaan oor te steek. Talle van die bemanningslede het op die terugreis aan skeurbuik gesterf.
- Da Gama het in September 1499 in Portugal aangekom.



In die verlede het seevaarders nie genoeg vars kos gehad vir
die lang reise wat hulle aangepak het nie.
Hulle het nie genoeg vitamien C ingekry nie en het dan siek
geword.

Weet jy watter siekte hulle gekry het?



SKEURBUIK

Wat is skeurbuik?

Skeurbuik is 'n siekte wat ontstaan as jy voedsel eet wat te min Vitamien C bevat. (vars vrugte en groentes)

Hoe weet jy as jy skeurbuik het?

Jy voel moeg en is kort van asem. Jou tandvleis swel, dit raak sponsagtig en begin ontsteek en bloei. Jou tande begin uitval en dit kan lei tot probleme met jou spysvertering.



Voltooi nou Aktiwiteit 4 in jou Algemene Skryfboek.

Opskrif: Aktiwiteit 4 p. 14-15

Dankie!

Jy het hierdie week se Geskiedenis
voltooi.

Lekker naweek 😊